21e Colloquium Neerlandicum Nijmegen, Nederland • 22-26 augustus 2022

Submission 113

’n Vergelykende ondersoek na die poësie van Bekono, Fabias, Kamfer en Phillips

Louise Viljoen

Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, Zuid-Afrika

Hierdie referaat behels ’n vergelykende ondersoek na digbundels van twee Nederlandse en twee Suid-Afrikaanse digters betreffende die rol van affek daarin. Die Nederlandse bundels onder bespreking is Simone Atangana Bekono se bundel *Hoe de eerste vonken zichtbaar waren* (2017) en Radna Fabius se bundel *Habitus* (2018). Die (Suid-)Afrikaanse bundels onder bespreking is Ronelda Kamfer se *Chinatown* (2019) en Jolyn Phillips se *Bientang* (2019). Daar word ondersoek ingestel na die wyse waarop die lewe van tekens in hierdie tekste versigbaar word deur die representasie van hulle onderskeie kultuur- en sosiohistoriese kontekste en die uitbeelding van bepaalde affekte soos verlies, pyn, skaamte en woede. Die vier digters is vroue van ongeveer dieselfde leeftyd, gebore binne die bestek van 10 jaar, tussen 1981 en 1992; die bundels onder bespreking is eweneens gepubliseer in ongeveer dieselfde tyd, tussen 2017 en 2019. Die bundels is vergelykbaar in dié opsig dat elkeen van hulle op heel bewuste wyse omgaan met die gegewe van geslag (sowel binne as buite die private domein van die familie) en ras (veral binne die publieke domein van die samelewings waarbinne hulle hulle bevind). Verdere vergelykings is moontlik ten opsigte van die uitbeelding van die affekte en emosies opgeroep deur diskriminasie, geweld en onderdrukking op grond van geslag en ras, naamlik pyn, vernedering, skaamte en veral woede (vgl die aanhaling uit Bekono se bundel in die titel van die referaat). Die werk van Brian Massumi (*Parables for the virtual. Movement, affect, sensation*, 2002), Sara Ahmed (*The cultural politics of emotion*, 2014) en Sianne Ngai (*Ugly feelings*, 2005) sal gebruik word teoretiese onderbou vir die diskussie van die affekte en emosies uitgebeeld in hierdie bundels. Daar sal ook ondersoek word watter talige en poëtikale middele die onderskeie digters gebruik om hierdie affekte en emosies in hulle poësie te verwoord.